HSH – nou, meer as ooit tevore, doen ons die gewone dinge buitengewoon!

Value for Term 2 – Pay it forward!

Newsletter 7/2020

14 April 2020

Geagte Ouers

Wie sou ooit kon dink dat die hele wêreld tot stilstand geruk kan word deur ‘n piepklein virus wat nie eers deur die blote oog raakgesien kan word nie? Wel, dit is die realiteit. Ek is die hoof van ‘n skool wat tans dolleeg en grafstil is en dit is niks lekker nie!

Twee dinge word deur die virus geïllustreer – die kwesbaarheid van die mensdom ondanks al die kollektiewe rykdom en kennis in die wêreld. En dat HSH niks is sonder sy mense nie.

1. PERSONEEL

Volgens alle inligting gaan dit baie goed met ons personeel en geniet almal goeie gesondheid. Ons is ook baie geseënd om te rapporteer dat almal in die uitgbreide HSH-familie- ons ouers en leerders ook-goeie gesondheid geniet, sover ons weet! Ons glo en vertrou dat dit so sal bly.

Juffrou Jacomien en juffrou Helouise se moeders is nie wel nie en ons dink aan hulle. Ons is baie bly om te rapporteer dat dit elke dag ‘n bietjie beter gaan met oom Charlou, koshuisvader van die seunskoshuis. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

Mnr. Jurgens Schreuder, die dogterskoshuis se nuwe koshuisvader, en sy gesin het onder hierdie moeilike omstandighede ingetrek. Volgens mnr. Jurgens is hulle nou min of meer ingeburger. Ons wens die Schreuders ‘n lang en gelukkige verblyf in Huis Eureka toe!

Juffrou Nicola staan op die drumpel van mamma-wees. As alles goed verloop, gaan sy en haar man op 28 April ‘n klein mannetjie in die Jacobs huishouding verwelkom. Ons is saam met hulle opgewonde! Twee maande later gaan ‘n klein Rossouwtjie sy opwagting maak in mnr. Jean en juffrou Anine se lewens. Die HSH-familie kan nie wag vir hierdie twee pienkvoete nie! Ons wens die Jacobs en Rossouw-families alle voorspoed toe!





Met Sokkies gaan dit baie goed, hy is nog spekvet en gesond.



2. SKOOLFINANSIES

School management, after taking all the facts into consideration, decided to inform parents that all bus and hostel fees are not payable from 1 April. Parents should note that we are managing a significant loss with this decision. Running cost with regards to buses and hostels might be lower, but we still have costs like wages, insurance, financing costs, municipal bills etc.

We therefore urge each and every parent to continue with your payment of school fees. Not only is it compulsory according to the S.A. Schools Act, it is also the absolute right thing to do. Non-payment will have a devastating effect on everyone in the HSH family. First and foremost, we will not be able to pay our most valuable assets, our staff, and the HSH our learners are returning to after lockdown, will definitely not be the same HSH you were used to.

I have absolute faith in our parents. I know that in these trying times, we can depend on our parents' continued and loyal support.

If you need any information or support, do not hesitate to contact our finance office via e-mail at hshfin2@gmail.com or alternatively send an e-mail to hsh@sandveld.net.

3. WAT HOU DIE TOEKOMS VIR SKOLE IN?

Die maklike antwoord op bogenoemde vraag is dat niemand weet nie. Ek ondersteun heelhartig die regering se sienswyse dat skole gesluit bly. In belang van ons almal se veiligheid is dit die beste beleid. Op hierdie stadium ondersoek die Departement van Basiese Onderwys verskillende scenarios. Ons moet ook begrip hê dat geen rolspeler 'n sinvolle besluit kan neem as hulle nie weet wat die verspreidingskurwe van die virus in Suid-Afrika gaan maak en baie belangrik wanneer hy sy piek gaan bereik nie.

Vir die huidige gaan skole voort met afstandsonderrig. Ouers moet kennis neem dat ons nie deskundiges op die gebied van afstandsonderrig is nie en ons gaan foute maak terwyl ons leer. Ek kan ouers verseker van een ding: julle hoef nie vir een oomblik in die entoesiasme van HSH onderwysers te twyfel nie. Ek wil ouers ook verseker dat ons enige relevante inligting onmiddellik met julle sal kommunikeer.

Ek wil afsluit met die volgende:

There is this expression in English that it takes a village to raise a child. Apparently a mother posted the following: "A village? It's going to take a vineyard to raise my kids!'

Die woorde van 'n Vrystaatse boer het my diep getref: "As die Here ons hierdie jaar nie seën nie, sal dit die eerste keer wees." As ek terugkyk oor my jare by HSH, is een ding waar – die Here het ons nog altyd mildelik geseën.! En ek het absolute vertroue dat Hy ook in hierdie moeilike tye nie van ons sal vergeet nie!

Kyk na julleself! Ek verlang regtig ongelooflik baie na julle.

Wehan Fourie (Skoolhoof)